## Hele Suid-Afrika Twis Nog Oor Hertzogprys-roman

# NOU VERSKYN VERVOLG OP SILBERSTEINS

## Boek Is 'n Aanklag Teen Bedorwenheid

**NOG nooit tevore is soveel gestry oor 'n Afrikaanse boek as oor Etienne Leroux se Sewe dae by die Silbersteins* nie. Die kwaai reaksie sal wel wees omdat die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns daaraan die Hertzogprys toegeken het, want Lobola vir die lewe van André Brink, wat van dieselfde jaar is en beslis „ongeurige" gedeeltes bevat, is haas onopgemerk oor die wyere publiek gegaan.**

**Van Leroux is daar op koms, reeds in hierdie maand, 'n nuwe roman, EEN VIR AZAZEL, 'n vervolg op die Silbersteins, en nog steeds woed die polemiek voort oor daardie boek, in die dag- en weekblaaie en oor die radio—sommige beweer selfs dat die stryd nog maar begin het!**

Geweldig uiteenlopend is die menings oor die boek. Die Keurkomitee en die Raad van die Akademie (met 'n enkele uitsondering) beskou die boek as die beste in die afgelope tyd—en daarvoor is die prys ingestel — groots gekonsipieer, en groots uitgevoer, en in sy boodskap 'n sanering van Suid-Afrika; die hele boek is 'n aanklag teen ons desintegrerende beskawing, die ondermyning van die goeie orde, die seksontaarde moraal, die pseudo-godsdienstige verbroedering, waarby slegs die Kommunisme baat; dis 'n ontmaskering van die bose wat menslike waarde en geluk vernietig. Maar dit alles nie deur 'n preek nie maar deur beelding, bv. van „kunstenaars in hul stryd teen norme, joernaliste in hul stryd teen die waarheid, idealiste in hul stryd teen kleur, intellektueles in hul stryd teen die vrye denke. Hulle dra die relaas voor met diepe oortuiging in die naam van die goeie wat hulle vernietig."

### Toemaar, G'n Skoolkind Sal Dit Lees

### Satiries

Die boek moet dus beskou word as fel satiries—die geslagtelike uitspatlikhede (onder ander) is **funksioneel**, dus **noodsaaklik** om 'n beeld te gee van die ontaarding, **binne die groot konsep en intensie van die kunswerk.**

Die beswaarmakers se kritiek is gerig op onderdele wat dan ewe beslis afgekeur word as onwelvoeglik, om die sagste woord te gebruik. Daar moet op gewys word dat die werk na styl en stuktuur, eerlikheid en rypheid natuurlik nie 'n roman vir onvolwassenes is nie.

Natuurlik het elkeen die reg om oor sedelike waardes te oordeel. Die kunstenaar skryf nie net as estetikus nie; hy skryf vanuit **die hele totaliteit van sy wese, dus ook as etiese wese,** en groot kunswerk is juis **groot** vanweë sy omvang en diepte van lewensopenbaring — maar altyd by wyse van **uitbeelding.** So gaan van alle ware groot kunswerke 'n veredelende en verrykende invloed uit (Shakespeare, Goethe, Dostojefski).

**Hiervan moet egter nie afgelei word dat alle kunswerk ook vir kinders geskik is nie. Die pedagogie stel nog ander eise weer. Dié verwarring heers ook oor die Silbersteins.**



—*prof. dr. F. E. J. MALHERBE*

**Maar een troos: geen kind sal die boek verder as twee bladsye lees nie — te onverstaanbaar!**

### Die Verhaal

Wat staan nou in die **Sewe Dae by die Silbersteins?** Dis 'n fantastiese verhaal, maar so gekonkretiseer dat dit fel reëel aandoen, van 'n inisiasie in die chaotiese lewe van 'n nuwe tyd. Die uiterlike motief is 'n soektog na die vir hom uitgesoekte Salome, deur 'n onskuldige (onkundige) jong man Henry van Eeden, wat vergesel word van sy oom, J. J. van Eeden, 'n uiterste *roué* ('n losbandige maar gesiene man) op die landgoed Welgevonden, 'n ou Kaaps-Hollandse jonkheerhuis, maar geheel omgevorm tot 'n fantastiese gemeganiseerde en geoutomatiseerde plek, behorende aan die skatryk Jock Silberstein en die sensuele slank mrs. Silberstein.

**Die tonele wissel fantasties en daar is 'n menigte mense van allerlei ras, kleur en oortuiging op die fuifpartye wat elke aand plaasvind. Die lewe is vir Henry 'n kolossale doolhof met snel veranderende patrone.**

## Etienne Leroux—



## Kennis Met Bose

Henry moet alles meemaak om van sy onskuld verlos te word. Hy moet kennismaak met die bose voordat hy sy Salome kan kry. Die krisis word beleef op die sesde dag met 'n meisie, gevolg deur die hekssesabbat. Dan die sewende en laaste dag, die slothoofstuk waarin die koms van Salome afgewag word in 'n lushof.

„Geslepenheid terwyl Henry deur die lushof wandel. Geslepenheid terwyl vorme sigbaar word en in 'n drogbeeld leef. Henry, in sy wandeling, is van sy blindheid ontslae, maar hulle het hom nog nie geleer om te sien nie." Hy sien 'n meisie hom nader. „As dit Salome moet wees, dan is hierdie naderende ontmoeting soos hy verwag het, 'n gestadige uitkristalisering, die geboorte van vorm uit die vormloosheid . . ."

**Dit is egter 'n ou geslaglose vrou. Maar die aand? „Al honderd staan op as Salome kom. Aan die eindpunt van die saal verskyn sy met haar gevolg, maagdelike meisies met donker oë. Dis 'n soort onafwendbare noodlot, 'n enorme brander op die punt om te breek. „Hy kyk op hoe die massa binne sy gesigsveld bars; hoe die eenheid ontbind in al samestellings . . ."**

In die slotparagraaf word verwys na die geloof wat jy moet behou — met volkome vertroue moet jy wag op die beeld van waarheid in gelid van die liefde.

So eindig hierdie allermerkwaardigste fantasie met sy ekspressionistiese, surrealistiese tegniek.

## Karikatuur

Uit die bostaande kan dit reeds geblyk het dat ons met 'n allegorie te doen het, 'n verbasend geniale fantasie wat snerpend satiries die euwels van ons tyd blootlê. Karikaturaal (soos *Gulliver's Travels*) word vele gevalle telkens in één vergroot, met 'n trefkrag ongeëwenaar in Afrikaans.

**Henry se inisiasie in die lewe is soos 'n geboorte. Hy heet paradyselik Van EEDEN, kom Welgevonden binne deur 'n deur met 'n plaat soos 'n BAARMOEDER! Hy kom met sy toekomstige vrou kennismaak maar is „gelukkig grootgemaak om te besef dat liefde slegs as 'n laaste instansie op die spel kom". Hy moet van sy onskuld verlos word, „want hoe anders durf hy trou," merk mrs. Silberstein op. „En hoe anders kan jy bedorwe raak as om soveel mense as moontlik te ontmoet."**

„Dis die tragedie," sê Jock, dat jy jou onskuld moet verloor . . . voor jy die poorte van die hemele kan ingaan. „Maar om die satire aan te voel, moet die leser orals let op die man wat so vroom praat, die man met sy „tee en sy owerspel in die oggend".

**En by die baie dronkenskap in die verhaal verwys ek weer na die „heiligdom" van die wonderlike kelders „waar 'n reeks lêers soos doodkiste in die skemer lê." So is daar 'n legio van treffende suggestiewe trekke wat die moeite van 'n noukeurige studie sou loon.**

## Saamdans

Politiek is daar 'n blik op die slap godsdienstige verbroedering, „gedwing tot ritme van dronkenskap en liefde"! Dis 'n saamdans van rasse en „almal is so vriendelik dat hulle kan bars. Mense met tande: vals en natuurlik; wittes met robyne; wittes en geles; wittes en twee donker gate waar die voorstes met opset makeer. Vriendskap oweral wat gryns ten dode: tande tot die dood toe; gapings van hartstog; grafstene van seks, godsdiens en goeie wil".

* **Sewe Dae by die Silbersteins** is uitgegee by Human en Rousseau, Kaapstad, eerste druk 1962, tweede druk 1964, derde druk 1964, vierde druk 1964; prys R1.80.